Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 6
Junie 2002

DIE DAG VAN KLEIN DINGE

Ongeveer ’n maand gelede het die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vergader. ’n Sinode van ’n klein kerkverband in die groot wêreldstad Johannesburg. In vergelyking met die drie groot Afrikaanse susterkerke is die VGKSA inderdaad maar ’n klein kerkverband. Slegs ses kerke, waarvan drie gemeentes ongeveer 100 lidmate tel. Nie baie indrukwekkend nie.

Wanneer ons kyk na die sake wat op die sinode behandel is, dan maak dit ook min indruk op kerklike Suid-Afrika. Die sinode het klassisse ingestel. Die meeste kerkverbande ken lankal klassisse en selfs baie meer as twee. Die sinode het drie teologiese studente geëksamineer om hulle in die kerke beroepbaar te stel. Ander kerkverbande het elke jaar talryke studente wat geëksamineer en beroepbaar gestel word. Die sinode het besluite geneem oor die inskakeling van sendinggemeentes in die kerkverband. Dis iets waaroor ander kerkverbande jare gelede hulle reeds besin het. Die sinode het besluite geneem oor die teologiese opleiding van studente uit die verskillende bevolkingsgroepe. Ander kerkverbande het reeds lankal hul opleidings gereël. Na die maatstawwe van die breë kerklike wêreld in Suid-Afrika is die dinge wat op die sinode gedien het, klein dinge. Onbeduidend.

Tog is die klein dinge groot dinge in God se koninkryk. Waarom? Ons herken daarin die werk van die Gees. Die Gees het die VGKSA groei gegee sodat klassisse ingestel kon word. Die Gees het die sendingwerk geseën sodat oor die instituering en inskakeling van sendinggemeentes gepraat kan word. Die Gees het manne gegee, waarvan twee uit die sendinggemeentes, wat bedienaars van die Goddelike Woord wil wees. Hy het by hulle die liefde vir die gereformeerde (dit is die Skriftuurlike) leer en kerkregering gewek. Die Gees het ook vir die afgevaardigdes na die sinode liefde vir God en sy Woord gegee. Hy het die eenheid van die geloof bewerk en laat blyk. Wie dit sien besef dat die skynbare klein dinge tog groot dinge is.

Wie verag die dag van klein dinge? Die HERE in ieder geval nie. Sy oë vonkel van vreugde wanneer Hy die klein dinge wat in getrouheid aan Hom verrig word, sien. Sien Sagaria 4:10. Die klein dinge het groot krag vanweë die Gees wat daarin werksaam is. Dis alles deel van die groot bouprojek waarmee God sedert Pinkster besig is om sy kerk uit alle volke en tale te vergader. Mag die vuur wat die Gees aangesteek het, helder bly brand. En ander vuur daarmee aansteek. Tot uitbreiding en voltooiing van God se koninkryk.

CK

In Hierdie Uitgawe



Tema: Verslag Sinode

- **Algemene indrukke 2**
- **Klassisse 3**
- **Teologiese opleiding .. 4**
- **Gesange 5**
- **Eksamens 6**
- **Verhoudings met ander kerke 7**
- **Nuwe deputate 8**
- Onderhoud Ds. Bijzet 9
- Nuwe Psalmberyming 11
- Persskou 13
- Psalm 2 (II) 14
- Vriendskapsevangelisasie . 17
- Seksualiteit in die opvoeding 19

SINODE: ALGEMENE INDRUKKE

TEMA: VERSLAG SINODE

Die Sinode van Johannesburg 2002 is gekenmerk deur 'n uitstekende organisasie, 'n goeie atmosfeer en 'n groot getal afgevaardigdes, waarnemers en adviseurs.

Tydens die sinode was daar groot waardering vir die manier waarop die kerk van Johannesburg sy taak as roepende kerk verrig het. Alle voorbereidings vir die sinode is deeglik gedoen, en ook tydens die sinode het alles klopdisselboom verloop. Wat die materiële sy betref was alles goed gereël. Gemeentelede van Johannesburg het gesorg dat daar heerlike etes was en daar was in die aand genoeg slaapplek vir die afgevaardigdes in die pastorie en in karavane wat op die terrein rondgestaan het.

Die sinode se vergaderings het ook vlot verloop danksy 'n span medewerkers wat toegesien het dat stukke vinnig getik, gekopieer en versprei is. Vir die eerste keer is daar van 'n notularis gebruik gemaak wat as die sinode-skriba se regterhand gedien het. By die vorige sinode, die sinode van Bethal, is besluit dat daar in die toekoms 'n notularis aangestel moet word wat moet help met die voorbereiding van die sinode, die notulering tydens vergadering en die finalisering van die sinode se *Handelinge*. Dit was duidelik dat die sinode in die persoon van br. Atze Herder 'n bekwame en vinnige notularis ontvang het. Toe die sinode op Vrydagaand 3 Mei gesluit is, was daar 'n gerug dat die afgevaardigdes die sinode-handelinge by hulle aankoms tuis per e-pos sal kan lees. So vinnig was dit darem nie, maar dat die organisasie van die sinode baie vlot verloop het, was vir almal duidelik.

Daar is tydens die sinode ook waardering uitgespreek vir die bekwame leiding van die moderamen. Ds. Kees Kleijn het as praeses goeie leiding gegee. Almal het voldoende kans gekry om aan die besprekings deel te neem, maar as 'n bespreking begin uitrafel, het hy dit weer in goeie bane gelei. Ds. Eugene Viljoen (assessor) en br. Anne Anholts (skriba) het tydens die vergadering 'n meer beskeie rol gespeel, maar nogtans het hulle as 'n span saam met ds. Kleijn gesorg dat sake deeglik en vlot behandel word.

'n Opvallende kenmerk van hierdie sinode wat die groot getal deelnemers. In die eerste plek was daar nie minder as 18 afgevaardigdes nie, danksy die feit dat daar ses VGK-gemeentes is. Die gemeente van Springs was vir die eerste keer as gemeente verteenwoordig deur ds. Flip Retief en sy mede-broeders. Waar daar tot tien jaar gelede slegs drie VGK-gemeentes was (met gevolglik slegs nege afgevaardigdes op 'n sinode), is dit as 'n ryke seën ervaar dat die getal gemeentes nou tot ses gemeentes gegroei het, met die gevolg die getal sinode-afgevaardigdes dienooreenkomstig ook verdubbel het.



Die notularis, br Atze Herder, aan die werk.

Behalwe die agtien afgevaardigdes was daar ook 'n groot groep adviseurs, in totaal tien. Die vyf sendelinge van die VGK het die sinode bygewoon. Verder was ook Johannesburg se emeritus-predikant, ds. Wim Boessenkool, 'n gereelde gas agter die adviseurstafel.

En dan was daar nog vier afgevaardigdes van oorsese susterkerke. Br. Bert Veenendaal het die Free Reformed Churches van Australië verteenwoordig. Ds. Ferdinand Bijzet (voorheen predikant in Pretoria) het die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) van Nederland verteenwoordig. En dan was daar nog ds. Jan Tempelman en br. Fokko Koning wat as verteenwoordigers van die samewerkende kerke in Nederland insette gelewer het wanneer sendingsake behandel is.

Die sinode was bevoorreg om soveel deelnemers tydens die vergadering te kon hê. Dit het sonder twyfel die bespreking verryk en die besluite wat geneem is, versterk.

In hierdie en in volgende artikels bied ons 'n oorsig van sake wat op die sinode behandel is. Nie alles kan gedek word nie, maar ons vertrou dat dit die leser tog 'n goeie indruk gee van die sinode van Johannesburg 2002. Al die verslae is geskryf deur dr Arjan de Visser. ¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Victoria Drukkery
Tel. (012) 331-3750

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos adres: lentsu@global.co.za

Nederland: Mev. T Huisman
Wintersstraat 7
8331 DN Steenwijk
Tel. (0521) 517 771

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761
E-pos: aag@mweb.co.za

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

DIE INSTELLING VAN KLASSISSE

TEMA: VERSLAG SINODE

Een van die eerste besluite wat die sinode van Johannesburg geneem het, was ook een van die belangrikste. Dit was die besluit om klassisse in te stel.

Op voorstel van die kerk van Johannesburg het die sinode besluit om twee klassisse in te stel, naamlik klassis A (voorlopige benaming) wat bestaan uit die kerke van Kaapstad, Pretoria en Springs, en klassis B wat bestaan uit die kerke van Bethal, Pretoria-Maranata en Johannesburg. Die sinode het bepaal dat die klassisse ten minste een keer elke ses maande moet vergader.

Die sinode het verder bepaal dat die klassisse voor 1 November 2002 moet begin funksioneer. Met die oog daarop is vir beide klassisse 'n roepende kerk aangestel, naamlik Pretoria vir die een klassis en Pretoria-Maranata vir die ander een.

Tydens die bespreking by die sinode was dit duidelik dat al die afgevaardigdes gevoel het dat die tyd ryp is vir die instelling van klassisse. Dit is reeds jare lank as 'n leemte ervaar dat die VGK-gemeentes mekaar slegs op 'n tweejaarlikse sinode ontmoet. 'n Sinode is dikwels 'n besluitnemende vergadering en daar is nie baie tyd vir 'n rustige bespreking van sake waarin kerke advies benodig nie. 'n Klassis is 'n vergadering wat meer dikwels saamkom, waar daar gewoonlik minder besluite geneem word en waar daar meer tyd vir onderlinge advies, bemoediging en toesig is.

'n Klassis is volgens die kerkorde 'n regionale vergadering waarin gemeentes wat in dieselfde geografiese gebied bly, met mekaar vergader. Die sinode het besluit om in hierdie opsig van die kerkorde af te wyk en nie na geografiese nabyheid te kyk nie, maar eerder na ander faktore. So is daar gereël dat daar in elke klassis een kerk is wat sendingwerk behartig sodat die verantwoordelikhede gelykmatig verdeel word. Gevolglik is Pretoria-Maranata in die een klassis en Kaapstad in die ander een. Verder is daar gereël dat daar in elke klassis twee ouer gemeentes en een jonger gemeente is. Gevolglik is die 'jong' gemeente Bethal in die een klassis en Springs in die ander een.

Nog 'n oorweging wat die instelling van klassisse aangemoedig het, is die feit dat daar na verwagting later hierdie jaar twee sendinggemeentes geïnstitueer gaan word, nl. Mamelodi en Soshanguve-Noord. Die sinode het gevoel dat die swart gemeentes baie by die inskakeling in klassisse sal baat. Juis omdat klassisse meer dikwels as die sinode vergader, kan die kerklike samelewing van die blanke en die swart gemeentes op hierdie manier geïntensiveer word. Die sinode het nog nie 'n besluit geneem oor die vraag of die twee swart gemeentes saam by dieselfde klassis of elkeen by 'n verskillende klassis sal inskakel nie.

Met die besluit oor klassisse het die VGK-sinode tegelyk ook 'n belangrike besluit geneem oor hoe die kerkverband in die toekoms gaan lyk. Voorheen was dit 'n vraag of daar 'n mate van skeiding sou wees tussen die blanke en die swart gemeentes. Een opsie wat genoem is, was byvoorbeeld dat die swart gemeentes in 'n aparte klassis vergader.

Tydens konferensies (mannedae) wat voor die sinode in Mamelodi en Johannesburg gehou is, het dit egter duidelik geword dat daar aan altwee kante 'n begeerte is dat daar geen kerkverbandelike geskeidenheid volgens taal of kultuur moet wees nie, maar dat die kerke mekaar moet vind in gesamentlike kerklike vergaderings. Tydens die sinode was daar nie eintlik meer oor hierdie saak 'n diskussie nie. Daar is eenstemmig besluit dat klassisse ingestel word, met die verwagting dat die jong kerke by die klassisse sal inskakel sodra hulle geïnstitueer is. Indien die gemeentes nog nie geïnstitueer is nie, is hulle welkom om alreeds waarnemers na die klassisvergaderings te stuur sodat die inskakeling vergemaklik word. Die sinode het ook uitgespreek dat dit nog steeds moontlik is dat die swart gemeentes in 'n aparte vergadering kan saamkom om mekaar te ondersteun insake probleme wat eie is aan die situasie in die sendinggemeentes. Die klassisse sal egter die primêre kerklike vergaderings wees.

'n Probleem wat heelwat bespreking uitgelok het, was die vraag na die finansiële implikasies. Die sendinggemeentes word huidiglik ondersteun met fondse wat van Nederland af kom en wat deur die kanaal van die sendingdeputate na die sending gaan. Dit betref veral die koste van salarisse van die swart (kandidaat-) predikante. As 'n sendinggemeente geïnstitueer word, behoort die sending stadig maar seker te onttrek en behoort die gemeente deel te begin vorm van die kerkverband. Dit beteken dat die fondse vir ondersteuning van die swart gemeentes nie meer deur sendingkanale kom nie, maar dat die swart gemeentes aanvrae vir ondersteuning indien by die deputate vir ondersteuning van hulpbehoewende gemeentes van die VGK (deputate insake artikel 11).

Tydens die bespreking van hierdie saak is die vrees uitgespreek dat die VGK oor 'n x-aantal jare met 'n groot finansiële las sit omdat beide swart gemeentes wat geïnstitueer gaan word, hulpbehoewend is. Die afgevaardigdes van die Nederlandse sending het egter by monde van br. Koning verseker dat die sending nie ligtelik sy ondersteuning sal stop nie. Daar moet 'n proses aan die gang kom waarby fondse miskien anders gekanaliseer word, maar waarby seker gemaak word dat geen kerk in finansiële probleme kom nie.

'n Addisionele bepaling in verband met die instelling van klassisse is dat 'n klassis wat baie reiskoste het (bv. die klassis wat Kaapstad insluit) ondersteuning kan eis by die sinodale kwestor. Verder is besluit dat die sinode van die VGK van nou af nie meer elke twee jaar sal vergader nie, maar elke drie jaar. Daar is besluit dat die eersvolgende sinode DV in April/Mei 2005 gehou sal word en dat die kerk van Pretoria-Maranata die roepende kerk sal wees. ¤

TEOLOGIESE OPLEIDING

TEMA: VERSLAG SINODE

Insake teologiese opleiding het die sinode van Johannesburg 'n groot besluit geneem. Die besluit is dat sowel die Teologiese Skool as die Mukhanyo-opleiding voorlopig aanvaar word as opleidings tot die predikantskap. Verder is daar ook goedkeuring verleen vir 'n nuwe teologiese opleiding vir studente in Belhar.

Dit mag taamlik ingewikkeld klink, maar in feite is daar voorlopig drie weë tot die predikantskap wat deur die VGK erken word. In die eerste plek is daar vir die blanke studente die VGK se eie teologiese opleiding wat in 1998 begin is en waar predikante van die VGK klasgee. In die tweede plek is daar vir die swart studente die Mukhanyo Theological College in KwaNdebele waar sendelinge van die VGK betrokke is as deeltydse dosente. Hierdie opleiding word aangevul met die sogenaamde Mukhanyo-Plus-studieprogram. In die derde plek is daar vir die bruin studente in Belhar 'n opleiding op B.Th-vlak wat vanaf volgende jaar aangebied gaan word. Hierdie opleiding is volledig onder toesig van VGK-sendelinge en -predikante.

'n Belangrike verskil tussen die 'blanke' opleiding en die ander twee opleidings betref die akademiese vlak. Waar daar van blanke studente vereis word dat hulle eers 'n B.A.-graad met Grieks, Hebreeus en Latyn sal behaal voordat hulle toegelaat word tot die teologiese studie, word sodanige eise nie aan die swart en die bruin studente gestel nie. Waar die blanke studente opgelei word tot 'n M.Div.-vlak, word die swart en die bruin studente opgelei tot 'n B.Th.-vlak.

Tydens die sinode is daar 'n breë bespreking gehou oor die punt van die verskillende vlakke. Die vrees het bestaan dat die standaarde van die predikante sal daal as die kerke amptelik 'n graad op 'n B-vlak erken as voldoende vir die predikantskap. Daar is ook deur verskillende afgevaardigdes genoem dat kennis van die grondtale van die Bybel baie belangrik is vir 'n predikant wat in staat behoort te wees om selfstandige eksegese te doen.

Aan die ander kant is betoog dat 'n mens moet rekening hou met die groeiproses waarin die kerke hulle bevind. As 'n mens kyk na waar die swart gemeentes vandaan kom, het daar alreeds 'n geweldige groei plaasgevind. Daar is dus nie sprake van 'n afdraande pad nie, maar juis van 'n opdraande pad. Daar is ook genoem dat die swart of bruin studente wat alreeds in staat is om Grieks en Hebreeus te bemeester, aangemoedig word om dit te doen. As 'n mens kennis van die grondtale egter as 'n algemene eis vir alle predikante sou stel, beroof 'n mens die jong kerke van voorgangers wat in hierdie stadium heeltemal bekwaam is om die kerke te lei en die Woord te verkondig.

Uiteindelik het die sinode daarvoor gekies om al die opleidings onder die sambreel van die deputate-kuratore te plaas. Die eenheid wat daar in die kerkverband is tussen die blanke, swart en bruin gemeentes, moet ook gestalte kry in 'n eenheid van teologiese opleiding. Die sinode het egter ook uitgespreek dat dit in hierdie stadium nie moontlik is om al die opleidings te kombineer nie. Geeneen van die opleidings kan tans in al die behoeftes van al die kerke voorsien nie. Dit is wel moontlik om te strewe na meer eenheid en meer samewerking.

Dat die deputate-kuratore die toesig oor die verskillende opleidings ontvang het, het praktiese implikasies. So sal die Mukhanyo-Plus-program nie meer onder die verantwoordelikheid van die kerkraad van Pretoria-Maranata staan nie, maar onder deputate-kuratore se toesig. Die koördineerder van die program sal dus verslag doen aan die deputate-kuratore. In verband hiermee is daar aanbeveel dat die deputate-kuratore uitgebrei word met lede wat 'n spesifieke kennis van die sendingsituasie het, maar sodanige aanstellings is nog nie deur die sinode gedoen nie.

Die opleiding in Belhar was vir die meeste sinode-afgevaardigdes 'n nuwe ding. Daar is meegedeel dat daar twee studente in Belhar is wat tans 'n voorbereidende teologiese kursus volg. Vanaf 2003 kan hulle met die teologiese studie begin. Die gedagte is dat die betrokke studente dieselfde kurrikulum volg as die blanke studente, maar op 'n meer eenvoudige vlak. Sendelinge van Kaapstad en van Pretoria-Maranata moet soveel as moontlik by die opleiding ingeskakel word. Die sinode het besluit dat die kurrikulum vir die Belhar-opleiding binne ses maande vasgestel moet word en dat daarby 'n B.Th.-vlak nagestreef word.

'n Belangrike woord in die besluit oor die verskillende opleidings is die woord 'voorlopig'. Die sinode aanvaar 'voorlopig' die drie verskillende opleidings, maar die visie is dat daar uiteindelik een opleiding sal wees en dat daar vir alle predikante een akademiese vlak sal wees. Die deputate-kuratore het die opdrag gekry om die moontlikhede vir eenwording van die verskillende opleidings te ondersoek. Hulle sal oorleg pleeg met verskillende rolspelers, bv. met verteenwoordigers van die swart en die bruin kerke en met die dosente wat by die verskillende opleidings betrokke is. By die eersvolgende

sinode (oor drie jaar) moet daar 'n vorderingsverslag voorgelê word. Dit is duidelik dat daar nou 'n groot taak rus op die skouers van die deputate-kuratore. Die twee deputate wat deur die vorige sinode benoem is om die kwessie van kerkverband en teologiese opleiding te bestudeer, te wete ds. Hannes Breytenbach en ds. Dirk Maurits Boersma, het baie werk verrig en hulle verslag is met groot waardering ontvang. Nou is dit die deputate-kuratore wat die saak verder moet voer.

Die deputate-kuratore het ook self verslag gedoen oor hulle werk van die afgelope twee jaar. Prof. Herman de Jager en dr. Gerard Hagg het die deputate se verslag toegelig en vrae beantwoord. Deputate-kuratore meen dat die Teologiese Skool nou deur 'n beginfase gekom het en dat daar nou 'n tweede fase kom waarin dinge meer geformaliseer moet word. 'n Belangrike doelwit is om akkreditasie by die owerheid te probeer kry sodat die skool se grade amptelike erkenning geniet. Dit is egter 'n ingewikkelde proses en dit is nodig dat daar iemand is wat dit kan hanteer. Deputate-kuratore dink daaraan om 'n tipe registrateur aan te stel om hierdie en ander dringende sake op te volg. Dit sal voorlopig 'n tydelike aanstelling wees.

Die deputate-kuratore het gemeld dat daar 'n vakature is vanweë die vertrek van ds. Heiberg wat Amptelike Vakke gedoseer het. Ds. Kleijn het een van sy vakke oorgeneem (Preekkunde), maar vir die onderdele soos pastoraat en kategetiek moes tydelike oplossings en dosente gevind word. Die gedagte is om voorlopig in hierdie trant voort te gaan. Die sinode het goedkeuring daaraan gegee dat die deputate-kuratore saam met die senaat vir die eersvolgende drie jaar met tydelike reëlings volstaan.

Verder het die sinode op aanbeveling van die deputate-kuratore besluit dat die teologiese opleiding amptelik in Pretoria gevestig sal wees. Die owerheid vereis dat daar 'n fisiese adres is en daar moet in die toekoms ook 'n plek wees waar die biblioteek en ander fasiliteite gevestig is. ¤

TOG GESANGE…

TEMA: VERSLAG SINODE

Die sinode van Johannesburg het 'n deputate-rapport aanvaar waarvolgens uitgespreek word dat daar geen rede is waarom daar nie gesange in die erediens gesing mag word nie. Daar is ook aan deputate opdrag gegee om voort te gaan met die selekteer van gesange vir die erediens.

Tot op hede sing die meeste VGK-gemeentes (in elk geval die 'ouer' gemeentes) slegs Psalms en Skrifberymings. Die afgelope dekade het die VGK in 'n proses inbeweeg waarvolgens daar gesange vir gebruik in die erediens gesoek word. Die proses het egter nie sonder haakplekke verloop nie. By die sinode van Bethal in 2000 was daar 'n hele paar beswaarskrifte. Die mees ingrypende daarvan het gevra dat die kerkorde se artikel 67 verander word op sodanige wyse dat die sing van gesange nie meer moontlik is nie.

Die sinode van Bethal het Deputate vir Liturgiese Musiek aangestel met die opdrag om 'n deeglike studie van die beswaarskrifte te verrig en 'n goedbegronde antwoord daarop te formuleer. Die deputate het gekies vir die metode om nie alle argumente van die beswaarde broeders afsonderlik te weerlê nie, maar om te konsentreer op die hoofargumente. Die deputate-rapport bevat 'n breë bespreking van sleuteltekste in die Nuwe Testament, naamlik 1 Kor. 14:26,

Ef. 5:19, Kol. 3:16 en Jak. 3:13. Dit loop uit op die gevolgtrekking dat daar geen Skriftuurlike gronde is om te sê dat daar nie gesange in die erediens gesing mag word nie.

Die sinode het hierdie rapport as 'n weerlegging van die beswaarskrifte aanvaar. Tog het die sinode ook gevoel dat nog nie alles gesê is nie en dat daar behoefte is aan 'n deeglike en diepgaande studie oor die lied in die erediens. Die sinode het die deputaatskap opgedra om sodanige studie te verrig om die kerke daarmee te dien.

Die deputate het ook die opdrag gehad om voort te gaan met die kies van gesange wat geskik is vir gebruik in die erediens. Hoewel die deputate oortuig was dat gesange wel gesing mag word, het hulle tog gevoel dat dit onder omstandighede wyser is om dit nie te doen nie. In plaas van gesange het hulle gevolglik voorgestel om die liedere-bundel uit te brei met Skrifberymings. Dertien Skrifberymings is aan die sinode voorgelê met die voorstel dat dit deur die gemeentes getoets word. Die sinode het hierdie verandering van koers nie aanvaar nie en aan die deputate opgedra om tog voort te gaan "om gesange te selekteer volgens norme wat deur vorige sinodes vasgestel is". Die dertien Skrifberymings mag nog steeds in die soektog betrek word, maar daar moet ook spesifiek na gesange gekyk word.

By die 'norme' wat deur vorige sinodes vasgestel is, is daar spesifiek verwys na die besluite van die sinode van 1998 waarvolgens daar vier riglyne geld, naamlik (1) 'n kerklied moet Skriftuurlik en belydenisgetrou wees, (2) 'n kerklied moet 'n gemeentelied wees, (3) die teks moet volwaardige poësie wees, (4) die melodie moet die inhoud van die teks ondersteun en versterk en die kerklied-tradisie voortsit. ¤

DIE EKSAMENS

TEMA: VERSLAG SINODE

Die sinode van Johannesburg was 'n historiese sinode in die opsig dat daar vir die eerste maal in die VGK se geskiedenis twee swart studente geëksamineer en in die kerkverband beroepbaar gestel is. Bowendien was dit die eerste keer dat 'n student geëksamineer is wat by die Teologiese Skool van die VGK opgelei is.

Die drie broeders wat geëksamineer en toegelaat is tot die bediening, is - in volgorde van eksaminering - Tebogo Mogale, Jopie van der Linden, en Piet Magagula. Die broeders Mogale en Magagula het by Mukhanyo Theological College gestudeer en daarna die Mukhanyo-Plus program gevolg. Br. Van der Linden het onlangs sy studies aan die Teologiese Skool van die VGK voltooi.

Die wyse waarop die eksamens verloop het, het aanleiding tot groot dankbaarheid gegee. Hoewel die verskil in akademiese en kennisvlak duidelik was, het ook die Mukhanyo-studente 'n baie goeie indruk op die sinode gemaak. Na die bespreking oor 'vlakke' van teologiese opleiding en in die lig van twyfel wat voorheen bestaan het oor die vlak van die swart studente, was dit 'n seën dat al die studente met groot vertroue tot die bediening toegelaat kon word.

Die sinode van Johannesburg was ook histories in die opsig dat daar vir die eerste maal tydens die sinode-sitting verskillende tale gebruik is. Br. Mogale het sy preekvoorstel in Engels gelewer en die eksaminering in die verskillende vakke het ook hoofsaaklik in Engels plaasgevind. By br. Van der Linden was daar uit die aard van die saak geen probleem nie, en kon Afrikaans gebruik word. By br. Magagula was die saak nog weer anders, omdat hy homself nog in Engels nog in Afrikaans gemaklik kan uitdruk. Gevolglik het hy sy preekvoorstel in Tswana gelewer (met ds. Arjan de Visser wat dit na Afrikaans vertaal het) en die eksaminering is ook met behulp van vertolking tussen Tswana en Afrikaans gedoen.

Die eksaminering van 'n kandidaat gebeur in drie dele. Eerstens is daar 'n ondersoek na die beweegredes van die kandidaat, daarna lewer hy sy preekvoorstel en ten slotte is daar 'n langdurige vraesessie waarby die student in allerlei teologiese vakke ondervra word. Elke sessie word afgesluit met 'n evaluering deur die sinode wat *in camera* (beslote sitting) geskied.

Die ondersoek na die beweegredes neem gewoonlik nie langer as 'n half uur nie. Die sinode wys 'n klein kommissie van twee broeders aan wat 'n vertroulike gesprek met die kandidaat voer. Die doel is om vas te stel of die kandidaat die regte beweegredes het om predikant te word. Daarna rapporteer die kommissie terug aan die sinode. As die evaluering positief is, gaan die kandidaat voort en lewer hy sy preekvoorstel.

Elke kandidaat is gevra om vantevore twee preekvoorstelle in te dien, een oor 'n teks uit die Ou Testament en een oor 'n teks uit die Nuwe Testament. Ds Rob Visser, wat hierdie onderdeel hanteer het, het vir elke student een teks opgegee, terwyl hulle die ander teks self kon kies. Ds Visser het die preke 'n paar weke voor die sinode begin het, ontvang. Tydens die eksamen dra die student een van die twee preke aan die sinode voor, sodat sy voordrag en algemene presentasie ook geëvalueer kan word. Die sinode gaan dan weer *in camera* waarby die preke geëvalueer word. Allerlei aspekte word bespreek, soos byvoorbeeld die eksegese van die teks en die toepassing van die boodskap vir vandag. As die preke positief beoordeel word, gaan die eksamen voort met die langste onderdeel: die eksaminering in die verskillende vakke. Vir die eksaminering is verskillende predikante vantevore genader om die ondervraging te doen. Gewoonlik gee die betrokke predikant ook

Jopie van der Linden

vantevore vir die kandidaat 'n sekere tema of 'bestek' waarop hy homself moet rig. So het ds. Breytenbach, wat Eksegese Ou Testament gevra het, vir die studente Sagaria 1 en 2 as opdrag gegee. Vir Etiek het ds. Bosman die agtste gebod as tema opgegee. Dit gebeur egter nie altyd nie. Vir Kennis van die inhoud van die Heilige Skrif het ds. Nel geen spesifieke opdrag gegee nie en was die hele Bybel die bestek.

Behalwe die vakke wat reeds genoem is, is daar ook ondersoek gedoen na kennis van die Nuwe Testament, Dogmatiek, Simboliek (= kennis van die gereformeerde belydenisskrifte), Amptelike Vakke, Kerkgeskiedenis en Kerkregering.

Vir elke vak was daar ongeveer 15 tot 20 minute beskikbaar waarna daar ook nog geleentheid was vir vrae van broeders in die vergadering wat die kandidate nog 'n bietjie nader aan die tand wou voel. Uit die aard van die saak sou dit 'n pynlike saak wees as 'n kandidaat gereeld met die mond vol tande sit, maar dit was tydens hierdie sinode gelukkig nie die geval nie. Die kandidate was duidelik tot die tande toe gewapen met kennis, sodat dit vir nie een van hulle nodig was om met knersende tande huis toe te gaan nie.

Terwyl daar tydens die sinode van Johannesburg 'n hele paar dinge vir die eerste keer plaasgevind het, was daar ook 'n laaste keer. As gevolg van die instelling van klassisse sal kerklike eksamens in die toekoms nie meer deur die sinode afgeneem word nie, maar deur die klassisse. Dit is 'n groot verligting vir die agenda van die sinodes. ¤

VERHOUDINGE MET ANDER KERKE

TEMA: VERSLAG SINODE

Daar is twee deputaatskappe wat die VGK se verhoudinge met ander kerke hanteer: die deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (KBK) en die deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK).

'n Agendapunt wat gewoonlik aandag trek, is die bespreking van die rapport van die deputate vir kontak met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Tydens hierdie sinode was daar 'n ekstra rede om aandag te gee aan die verhouding met die GKSA. Dit het naamlik bekend geword dat daar by die sinode van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKN(v)) in Nederland 'n voorstel van hulle deputate ter tafel lê om 'n susterkerkrelasie met die GKSA aan te gaan. Die sinode van Zuidhorn sal eersdaags daaroor besluit. Indien die GKN(v) inderdaad besluit om 'n susterkerkrelasie met die GKSA aan te gaan, sal dit uit die aard van die saak ernstige implikasies vir die VGK se posisie hê.

Die rapport van die VGK se deputate het hierdie keer uitgestaan deur sy lengte: slegs een bladsy (met bylaes). Die sinode het sy teleurstelling uitgespreek oor die swak aanbieding van die rapport, juis in die lig van die verwikkelinge rondom kerklike verhoudings.

Uit die rapport het dit duidelik geword dat die deputate twee maal 'n ontmoeting met deputate van die GKSA gehad het. Die deputate het die VGK se sorge oor ontwikkelinge in die GKSA weereens oorgedra. Die sorge is nie weggeneem nie, maar daar is tog tekens dat daar by ('n deel van) die GKSA-broeders begrip is vir die VGK se moeite met publikasies van sommige professore binne die GKSA.

Die sinode het besluit dat die deputaatskap een van sy lede na die sinode van die GKN(v) in Nederland moet stuur om die VGK se besware teen die voorgestelde susterkerkrelasie met die GKSA toe te lig. Soos dinge tydens die bespreking verloop het, het dit gelyk asof ds. Nel die persoon sal wees wat die betrokke turksvy na Nederland moet neem. (Intussen is verneem dat sowel ds. Nel as ds. Visser na Nederland gaan – Red.)

Die deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke het ook 'n werkgroep in Kaapstad aan die werk gehad. Hulle is aangestel om kontak te onderhou met enkele kleiner kerkgroepe in die Kaap. Die werkgroep het gerapporteer dat feitlik al hulle kontakte verwater het. Die kontak met die Calvyn Protestante Kerk het doodgeloop, omdat die kerk die vrou in die amp toegelaat het. Kontakte met die Free Church of Southern Africa het verwater omdat voorgangers met wie daar goeie kontakte was, nie meer in die betrokke gemeentes dien nie. Dieselfde geld vir kontakte met 'n gereformeerd-presbiteriaanse gemeente in Monte Vista.

Die sinode het besluit dat die werkgroep in Kaapstad opgehef word en dat die kontak met die Free Church verder deur BBK gehanteer sal word. Ds. Viljoen, wat voorheen lid was van die werkgroep Kaapstad, sal van nou af saam met ds. Visser en ds. Nel deel vorm van die deputate KBK.

Die deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) het 'n lywige rapport voorgelê. Belangrike punte uit die rapport was die verhoudinge met die 'tradisionele' susterkerke (Nederland, Kanada, Australië), die verhoudinge met kerke in ander Afrika-lande en 'n verslag van die IKGK-konferensie wat verlede jaar in die VSA gehou is.

Met betrekking tot verhoudinge met die susterkerke in Nederland, Kanada en Australië was daar geen besondere sake nie. Wel is dit duidelik dat die band met die Australiese susterkerke besig is om te verstewig. Die Australiese kerke gee finansiële ondersteuning vir die werk onder verontrustes en een van die gemeentes in Australië het verlede jaar 'n skenking vir die sending van Pretoria-Maranata gegee. Die noue bande is ook geïllustreer deur die aanwesigheid op die sinode van br. Bert Veenendaal van Australië. Op sy beurt het die sinode besluit dat die VGK 'n afgevaardigde na die eersvolgende sinode van die Australiese susterkerke sal stuur.

'n Interessante tendens is verder dat die VGK se deputate al hoe meer kontakte kry in lande noord van die Limpopo. Daar is kontakte met die CCAP van Malawi, die CCAP in Zimbabwe en nog 'n paar kerke in Zambië en Kenia. Die sinode het die deputate bevestig in hulle visie dat kontakte met kerke in Afrika prioriteit behoort te geniet bo kontakte met kerke in allerlei ander dele van die wêreld.

Met betrekking tot die IKGK het die deputate 'n positiewe rapport gegee oor die konferensie wat in 2001 in Philadelphia (VSA) gehou is. Sowel ds. Kleijn as ds. Boersma het die konferensie bygewoon en hulle het dit albei as sinvol ervaar. Die IKGK het die VGK gevra om die eersvolgende konferensie in 2005 te organiseer. In die bespreking is toegelig dat dit veral die logistieke reëlings betref. Die program, die sprekers en die onderwerpe is steeds in hande van die IKGK self. Intussen sal daar in 2003 nog 'n regionale IKGK-sendingkonferensie gehou word in die Kongo. Die sinode het die voorstel van deputate goedgekeur dat daar 'n afgevaardigde na die konferensie gestuur sal word. ¤

AANSTELLINGS VAN DEPUTATE

TEMA: VERSLAG SINODE

Die sinode van Johannesburg het die volgende aanstellings gedoen:

Die afgevaardigdes op die sinode van Johannesburg

Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK): C Roose (sameroeper), AC Bijker, ds. DM Boersma, ds. J Bosman, ds. C Kleijn, sr. W Wehmeyer.
Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (KBK): Ds. JR Visser (sameroeper), ds. P Nel, ds. E Viljoen.
Deputate vir Werk onder Verontrustes: Ds. P Nel (sameroeper), M du Preez, M Retief, JA Smit.
Deputate vir Versorging Kerkorde, Sinodereëls en Liturgiese Formuliere: Dr. JA Breytenbach (sameroeper), sr. MA de Mooij, A van Renssen.
Sendingdeputate: P Bouwman (sameroeper), sr. H Bron, H (Harm) Snijder, K Toebes.
Deputate Liturgiese Musiek: F van der Meer (sameroeper), dr. AJ de Visser, J (Jopie) van der Linden, JM van Wijk.
Deputate Kuratore Teologiese Opleiding: *Primi*: H de Jager (sameroeper), AL Boessenkool, N du Preez, G Hagg, ds. PJ Retief, A Roos. *Secundi*: GA Anholts, AJ van der Lugt, M de Feijter, M Kruger, W Henning, HH Schuring.
Deputate insake artikel 19 KO: R Hofsink (sameroeper), Ds. C Nicholson.
Deputate insake artikel 11 KO: J (Jan) de Jager (sameroeper), HJ Boessenkool, FL Kerkhoff.
Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid: R Retief (sameroeper), H (Hein) Smit, C van Dijk.
Deputate insake artikel 49 KO: Ds. E Viljoen, Ds. C Kleijn, Ds. P Nel, Ds. JR Visser.
Sinodale kwestor: C de Jager. Sekundus: AL Boessenkool.
Kontrole kwestor: Die kerk van Pretoria-Maranata.
Argiefbewarende kerk: Die kerk van Pretoria.
Toesig oor die argief: Die kerk van Johannesburg.
Kerk om dag van verootmoediging uit te roep: Die kerk van Kaapstad. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Prof Ben de Klerk: Soeklig – Fokus op Efesiërs – uitgegee deur Deputate Jeugsorg van die Nasionale Sinode GKSA. …Prof Ben slaag baie goed daarin om selfs die moeilikste gedeeltes in hierdie brief heel eenvoudig en toepaslik te verduidelik. Die vrae aan die einde van elke dag se studie sal as handige hulpmiddel dien vir jou persoonlike Bybelstudie. Die vrae kan ook goed deur Bybelstudiegroepe gebruik word…
Prys R 54 – 138 bl.

WESTERINK, J: Profeten van het oordeel van God – Nahum, Habakuk en Zefanja.
Daar is min bekend oor afkoms, agtergrond en sosiale status van hierdie profete, dit lyk asof hulle in die skaduwee van die groot profete soos Jesaja en Jeremia staan. Maar as jy begin lees in die Bybelboeke, dan kom jy agter hoekom daar so min persoonlike gegewens is: die profete is baie haastig: God se oordeel kom en hulle is deur Hom geroep om die volk Israel te waarsku! …In hulle boodskap van oordeel en reg, maar ook van troos en volkome uitredding, ontmoet ons die Here God, die God van Israel, die Vader van die Here Jesus. En Hy verander nie! Prys R 92,50 – 110 bl

ARIEN VAN DER MERWE het 'n boek geskryf wat al vir baie mense gehelp het om gesond te word of gesonder te lewe: Geluk en gesondheid. Gebalanseerde genesing vir liggaam, siel, emosies en verstand. Dit behandel: stresbeheer, mikronutriënte, sport, voedselaanvullers, veroudering, immuunsisteem, natuurlike plaasvervangers, velprobleme, verslanking, menopouse, swangerskap en baie meer.
R99,95 – 272 bl.

KONINKLIJK ORANJE CONCERT (dubbel cd 20202) – Bekende koren en solisten zingen ter ere van het huwelijk van ZKH Prins Willem Alexander en Maxima Zorreguieta. O.a. Mastreechter Staar, Westlands Mannenkoor, Hulster Gemengd koor,
38 bekende en minder bekende gedeeltes uit opera's, vaderlandse liederen, instrumentale bijdraes, Conquest of Paradise, en natuurlijk aan die einde: die Nederlandse Volkslied. Dit alles vir R175! ¤

DIE HERE DOEN GROOT DINGE

H. Stolper

ONDERHOUD



Vir vele van ons was dit groot vreugde om ons 'ou' predikant, ds. FJ Bijzet, gedurende April/Mei in ons land te ontmoet. Op kort kennisgewing moes ds. Bijzet vir 'n kollega instaan om as deel van 'n sendingvisitasiespan die sendingveld in SA te besoek. Daarbenewens het hy gedien as adviseur op die sinode van die VGKSA wat gedurende die eerste week van Mei gehou is. Hy 't in verskeie van ons gemeentes gepreek. Dit wat hy met ons tydens 'n onderhoud gedeel het, wil ons graag aan ons deurgee.

U was vir byna drie weke in SA – wat was vir u die hoogtepunt van u besoek?

Die hoogtepunt was vir my die toelating van die eerste swart broer tot die bediening van die Woord. Persoonlik was ek reeds vanaf 1981 betrokke by die sendingwerk in SA Daar was tye dat die sendingwerk alhier baie moeisaam verloop het. Die Here het die werk egter gedurende die laaste jare geweldig geseën en dit was vir my 'n besondere groot voorreg en 'n aangrypende ervaring dat ek getuie mog wees van hierdie heuglike feit.

Ds. Kleijn het tydens die opening van die sinode gepreek uit Sag 4. Hierdie sinode-sitting is nie deur nuusbulletins aangekondig nie omdat dit in die oë van die wêreld te gering is. Ons mag egter nie "die dag van klein dinge" verag nie (vers 10) omdat God se werk "nie deur krag of deur geweld " tot stand kom nie, maar deur sy Gees (vers 6). Tydens die sinode het die woorde van Ps. 126, wat in dieselfde tyd as Sag 4 ontstaan het, egter telkemale deur my gedagtes geflits: "Die Here het groot dinge aan ons gedoen!": Die aantal gemeentes in die VGK verband het verdubbel in die periode na 1994 – die jaar toe ons permanent na Nederland moes terugkeer – daar het verskeie predikante uit die NGK oorgekom, die sendingwerk het momentum gekry.....

Vertel ons asb. van u indrukke van die sinode van die VGKSA

Die goeie gees wat tydens die sinode geheers het, was vir my baie opvallend. Alle besluite is eers na 'n deeglike oop bespreking geneem en daar was nie eintlik enige noemenswaardige geredekawel nie. Die akademiese vlak van die kerklike eksamens was baie goed en vergelyk bo-gemiddeld met die van Nederland. Tebogo Mogale se vrymoedigheid en breedheid in Skrifkennis was verrassend en hy het steeds in alles sy vertrekpunt uit die Skrif geneem. Jopie van der Linden is 'n uitstekende student wat groot beloftes inhou as moontlike toekomstige teoloog van formaat. Alhoewel broeder Piet Magagula 'n korter opleiding ontvang het en sy akademiese skoling nie dieselfde as die ander twee s'n was nie, het hy 'n uitstekende preek gelewer en die boodskap van die teks op 'n besondere manier by die hoorder tuisgebring. Hy het die teks op die voet gevolg en 'n baie breë toepassing gemaak sodat die preek vir blank en swart waardevol was. Aan al die studente is dieselfde vrae gevra om sodoende tot 'n eerlike vergelyk te kom. Aangesien ek al heelwat kerklike eksamens meegemaak het, kan ek sê dat die studente van SA wat betref hulle kennis, baie goed vergelyk met die van Nederland.

Verder het die sinode ook besluit om twee klassisse in te stel, te wete die klassis bestaande uit Pretoria, Springs en Kaapstad en die ander een nl. Pretoria-Maranata, Johannesburg en Bethal. Elke klassis het daardeur 'n sendende kerk in hul verband. Die klassisse sal elke ses maande vergader en die nasionale sinode drie-jaarliks. Aangesien twee van die sendinggemeentes byna so ver is om as selfstandige kerke te institueer, is daar besluit om albei die kerke by die klassis te laat inskakel om daardeur nie as afsonderlike 'swart' gemeentes te funksioneer nie maar deel te wees van die VGK verband. Die sinode het ook besluit dat die opleiding van die swart en kleurling teologiese studente van nou af onder die verantwoordelikheid van die hele VGK verband sal staan.

U het ook die sendingsterreine besoek – kan u vir ons vertel van u indrukke?

Die sending in SA word op twee terreine bedryf nl. rondom Pretoria (Mamelodi en Soshanguve) en rondom Kaapstad (Belhar en Wesbank). Mamelodi sowel as Soshanguve-Noord is baie na aan instituering. Ek het die voorreg gehad om kennis te maak met die kerkraad van Mamelodi waarvan Tebogo die voorsitter is. Dit het my opgeval dat br. Mogale beslis bekwaam is om leiding te neem en dat die kerkraad eienaarskap en verantwoordelikheid aanvaar. Die toekomstige ampsdraers van Soshanguve het ek eweneens ontmoet en ek was beïndruk oor die wyse waarop ook hulle kerksake benader. Ongelukkig het die tyd my ontbreek om persoonlik met die gemeentes in Soshanguve kennis te maak.

Dit was vir my ook mooi om nou bietjie nader te kon kennismaak met die sendingwerk aan die Kaap. In die begin is die werk in Belhar gesien as 'n soort evangelisasie projek en was die plan om Belhar as aparte wyk by die gemeente Bellville te laat inskakel. Die siening het egter verander en noudat ds. Breytenbach as sendeling daar werksaam is, moet hy die gemeente leer om meer selfstandig te funksioneer en self verantwoordelikheid te aanvaar. Ook Bellville moet leer om terug te staan sodat Belhar kan groei tot geestelike onafhanklikheid. By Wesbank is dit anders. Vanuit die staanspoor is die gemeente gewys op hulle eie verantwoordelikheid. Die sendeling, ds. Nicholson, identifiseer die sake wat aandag moet geniet en vra dan die gemeente wie die verantwoordelikheid daarvoor sal neem.

Die sendingswerk in SA is uniek as ons dit vergelyk met die Nederlandse susterkerke se sending wêreldwyd. Nadat gemeentes as selfstandige kerke geïnstitueer het, word hulle in SA dadelik deel van die bestaande kerkverband, wat elders nie die geval is nie. Die kerkverband kan baie geestelike steun aan die 'nuwe' kerke verleen. Ook die finansiële afhanklikheid bly die eerste verantwoordelikheid van die SA-kerkverband. Daar kan egter altyd hulp gevra word vanuit die ondersteunende klassisse in Nederland.

Daar word tans in ons susterkerke in Nederland 'n generale sinode gehou waarby u ook betrokke is. Kan u ons daaroor vertel?

Ek kan vertel van die duisend bladsye leeswerk, elk afkomstig van deputaatskappe en beswaarskrifte. Van die sake wat aan die orde kom is o.a. gesange en ander liturgiese veranderings, samesprekings met die Christelike Gereformeerdes en die Nederlands Gereformeerdes, voorstelle van deputate kontak buitelandse kerke ens. A.g.v. die rapporte van verskeie deputaatskappe moet die sinode besluit oor sake wat nie werklik in al die gemeentes 'leef' nie, maar eie voorstelle van die deputate is. Daar is bv. 'n voorstel om meer as tweehonderd gesange, wat afkomstig is uit 'n liedboek van kerke waarmee ons nie kan identifiseer nie, in ons eredienste te laat sing. Dit, terwyl die meeste gemeentes nog besig is om gewoond te raak aan die honderd een en twintig ander wat reeds deur die vorige sinode vrygestel is. Ek is beslis nie teen gesange nie, ek is wel gekant teen die proses wat onnodig onrus in die gemeentes gaan veroorsaak. Dit sal dalk wys wees as die sinode besluit om die deputate wat hulle opdragte nie korrek uitgevoer het nie, se rapporte nie te aanvaar en te behandel nie. Die sinode moet immers die gemeentes dien; nie die deputate dien nie.

Ons het verneem dat die deputate vir kontak met buitelandse kerke aanbeveel dat 'n susterkerk-relasie met die GKSA aangegaan moet word, wat is u mening hieroor?

Ek het eers in SA daarvan gehoor omdat ek by my vertrek nog nie alle rapporte deeglik bestudeer het nie. Indien dit so is, sal ek myself daarteen verset, aangesien die werkswyse verkeerd is. Wanneer dit tot stand kom beteken dit dat Nederland die situasie en samesprekings tussen die VGKSA en die GKSA minag en ignoreer en daardeur baie probleme skep vir die VGK-verband. Twee Nederlandse deputate kan nie binne drie weke die GKSA met gesag beoordeel nie. Daar is soveel diverse stromings binne die GKSA. Die VGK ignoreer nie die Gereformeerde Kerke nie, maar het na jare lange kontak nog nie die vrymoedigheid gehad om tot eenheid te geraak nie. As die Nederlandse sinode nogtans op 'n susterkerkrelasie met die GKSA sou besluit, sal hulle daardeur die VGK byna forseer tot eenheid met die GKSA. By sommige mense in Nederland is daar 'n verglyding in denke bespeurbaar t.o.v. kerk wees en ware kerk wees wat miskien die rede kan wees vir die voorstelle. Daar word gereken dat die VGK se eise om tot eenheid te kom te hoog is. Die afgelope sinode van die VGK het geoordeel dat dit wys sou wees om ds. Pieter Nel na Nederland te stuur sodat hy kan getuig dat die VGK nie poog om 'n immigrante kerk in stand te hou nie, maar dat selfs verskeie oud-NG predikante gekies het vir die VGK en daardeur bewustelik die GKSA passeer.

Indien die sinode in Nederland so sou besluit, hoe sou dit ons verhouding met die Gereformeerde kerk 'die Kandelaar' beïnvloed?

Dit behoort geen effek te hê op die verhouding met 'Die Kandelaar' nie. Daar is fout wanneer 'Die Kandelaar' homself in 'n uitsonderingsposisie stel binne die GKSA en selfstandig samesprekings wil voer. Indien 'Die Kandelaar' dit doen, toon hulle eintlik daardeur dat hulle nie in die Dopperkerk behoort nie. Dan het die tyd vir hulle aangebreek om hulle met die VGK te herenig.

Hoe sien u die kerklike lewe van die VGKSA in die algemeen?

Ek sien dat die Here groot en indrukwekkende dinge doen. Daar is nog steeds NG predikante en gemeentes wat hulle miskien een of ander tyd sal losmaak van die NG kerkverband en voeg by die VGKSA. Juis daarom is dit egter belangrik dat die VGK in hulle presentasie na buite, byvoorbeeld wat sy eie teologiese opleiding aanbetref, beskeie moet bly. Al gee die Here so baie groei, is dit steeds 'n klein kerkverband van slegs ses kerke. En in die verlede het ons geleer: as die VGK hulleself baie prominent wil presenteer aan die Suid-Afrikaanse samelewing, maak hulle hulself sommer belaglik. Terwyl as hulle beskeie en trou hulle beywer vir die opbou van die eie kerklike lewe, die Here dit tot seën van baie Christene ook buite die VGK kan gebruik. ¤

DIE PAD VAN ’n NUWE PSALMBERYMING

Rob van der Kooy

RONDOM DIE KERK: BINNELAND

Januarie 2003 word ’n spannende maand vir die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA). Dan word die nasionale sinode in Potchefstroom gehou en heelwat vuurwerk lyk menslikerwys gesproke waarskynlik. Trouens, daar is sterk vrees vir ernstige geskille wat nie maklik bygelê sal kan word nie. Verskillende agendapunte sal daartoe aanleiding kan gee.

Waarskynlik die belangrikste en mees omstrede agendapunt sal die nuwe Psalmberyming wees. Dit word gewoonlik die Cloete-beryming genoem omdat prof TT Cloete, bekende digter en skrywer, die grootste hand in hierdie nuwe beryming gehad het. ’n Ander agendapunt waaroor daar skerp teenstellings sal kan wees, is oor die rol van die vrou in die kerk, wat deur baie mense gesien word as ’n bespreking oor die vrou in die amp.

Oor hierdie saak sal ’n verslag van deputate dien. In watter rigting die verslag ’n koers sal aanwys, is nog nie bekend nie, maar Die Kerkblad, mondstuk van die GKSA, het begin met ’n reeks artikels daaroor deur die voorsitter van die deputate, dr Jan Venter.

Met die nuwe Psalmberyming staan sake effens anders. Eerstens omdat die Cloete-beryming al ’n hele paar maande in druk beskikbaar is, tweedens omdat hierdie beryming blykbaar reeds deur baie Gereformeerde kerke gebruik/gesing word, en derdens omdat die deputate al te kenne gegee het wat hulle gaan aanbeveel.

Ter wille van die duidelikheid: Dit gaan nie hier oor die nuwe liedboek van die NG en die Hervormde kerke nie, want die liedboek wat deur hierdie twee kerkverbande reeds ’n hele rukkie gebruik word, bestaan uit ’n groot aantal gesange, asook die Cloete-beryming van die Psalms (en ook nog ’n klompie “ou” Totius-berymings wat glo so gewild was dat hulle nie uitgehaal is nie). In die GKSA word die gesange nie oorweeg nie, slegs die Cloete-beryming van die Psalms.

Die voorsitter van hierdie deputate, ds JP Bingle, het in Die Kerkblad van 21 November 2001 dit so gestel: “Die deputate is van mening dat hierdie berymingspoging (die Cloete-beryming – RvdK) saam met die beryming van 1937 (die Totius-beryming – RvdK) in een boek gebundel behoort te word sodat albei vir gebruik in die kerke beskikbaar is. … Die twee omdigtings in een boek sal dien om ’n ryk liedvariasie vir die kerke oop te hou (1937) en te ontsluit (2001).”

Of die sinode dit so gaan besluit, moet egter nog gesien word. Dit gaan nie ’n maklike besluit wees nie. Dit blyk uit protesbriewe wat sedertdien gereeld in die een of ander vorm in Die Kerkblad gepubliseer word, in so ’n mate dat die redakteur in die uitgawe van 10 April moes walgooi deur te stel dat briewe wat gunstig oor die nuwe omdigting oordeel, ook gepubliseer word. Verder meld hy dat “die redaksie hom met opset daarvan weerhou om ons eie persoonlike standpunte in hierdie verband te publiseer.” Want blykbaar is daar ook in redaksiekringe meningsverskille.

Die moeilike posisie waarin die GKSA-sinode hom aanstaande jaar gaan bevind, het baie te doen met die manier waarop die Cloete-beryming tot stand gekom het, onder meer omdat die GKSA ook daaraan meegewerk het. En natuurlik het dit ook te doen met die agtergrond wat teruggaan tot die totstandkoming van die GKSA op 10 Februarie 1859 waar een van die redes vir die afstigting die protes teen die gedwonge sing van gesange was. Sedertdien staan die GKSA, die Doppers, bekend as die kerk wat nie gesange sing nie.

Die Cloete-beryming self het ’n geskiedenis van meer as 20 jaar. Reeds in 1967 het die Afrikaanse kerke begin oorweeg om die Totius-beryming te hersien. Maar later is besluit om van hersiening af te stap en te kyk na ’n heeltemal



nuwe omdigting van die Psalms. Die GKSA het egter in 1994 tog besluit om in beperkte mate aan die Totius-beryming te werk, by wyse van "ligte redaksionele veranderinge" en "verklarende aantekeninge." Maar reeds in 1978 het die NGK besluit tot 'n heeltemal nuwe beryming. Die Hervormde Kerk volg in 1983. En in 1985 besluit die GKSA om saam te werk aan hierdie nuwe beryming. Die Gesamentlike Psalmberymingskommissie, waaraan al die drie kerkverbande dus meewerk, begin in 1986 met sy werk.

Ds Bingle skryf in Die Kerkblad van 21 November 2001 dat die uitgangspunt was dat die Hebreeuse Psalms berym moes word. Vrye digwerk sou nie aanvaarbaar wees nie. En enige interpretasie moes so ver as moontlik vermy word. Ook belangrik was dat die nuwe liedere singbaar moes wees.

Digters en musici vanuit al die kerke is genooi om omdigtings en nuwe melodieë voor te lê. Meer as 40 persone het dit gedoen, maar die kwaliteit was nie goed genoeg nie. In 1990 het Cloete van sy werk in hierdie verband aan die kommissie voorgelê en toe het die proses begin spoed optel. Behalwe Cloete het 'n hele aantal ander mense meegewerk, ook eksegete, komponiste, kenners van Semitiese tale en letterkundiges.

In 2001 was die produk vir die NG en die Hervormde Kerke gereed: 150 nuwe Psalm-omdigtings, asook 482 ander liedere, waaronder 10 Psalmberymings van Totius, 19 Engelse liedere en een Zoeloe/Xhosa/Sotho-lied.

Intussen het die GKSA-sinode van 2000 besluit om die nuwe Psalmberyming in die hande van die kerke te plaas "vir beoordeling en kommentaar". Die berymings moet getoets word in terme van Skriftgetrouheid, leerstellige suiwerheid, musikaliteit, poëtiese gehalte en liturgiese bruikbaarheid. Ongelukkig is nie gesê hoe dit gedoen moes word nie, met die gevolg dat daar 'n gaping so groot soos 'n waenhuisdeur is om hierdie berymings tydens kerkdienste te laat sing. Hulle moet mos getoets word? Die kommentaar moes teen die einde van Februarie 2002 by die deputate wees.

Hoeveel kommentaar by die deputate uitgekom het, sal ons eers weet as hulle verslag bekend word, waarskynlik in November 2002 as deel van die voorlopige agenda vir die sinode wat die kerke en afgevaardigdes dan kry. Maar dit is nou al duidelik dat daar baie kommentaar was, veral afwysend van aard.

Veral twee teoloë het baie hard en duidelik afwysend van hulle laat hoor: emeritus professor VE d'Assonville en dr AH Bogaards van die Gereformeerde Kerk Delportshoop (sy webruimte is: http://home.spg.co.za/bogaards/NuweBeryming.htm).

Die kritiek is omvattend. Soos dat die vertaling nie Skriftuurlik is nie, dat die Psalms in berymde vorm baie korter geword het, dat talle aspekte in die grondtaal weggelaat is en dat die Psalms se herhaalde heenwysing na Christus wegberym is. Ook word gewys op talle berymings- of vertaalfoute. As die kritiek tereg is, impliseer dit dat so 'n beryming nie aanvaar kan word nie en in elk geval nie plek langs die Totius-beryming behoort te hê nie.

Dit is egter nie die hele storie nie. Want die GKSA-sinode van 1979 het ook opdrag gegee dat die Totius-beryming hersien moes word. Prof PW Buys het dit gedoen, maar dit eers in 1999, kort voor sy dood, voltooi. Die sinode van 2000 het opdrag gegee dat hierdie hersiene Totius-beryming ook deur die gemeentes beoordeel moes word. Maar hierdie hersiene beryming is nooit na die kerke uitgestuur nie. Die GKSA se administratiewe buro het die Buys-hersiening eers in April vanjaar na al die kerke uitgestuur. Of hulle tyd genoeg gaan hê om dit te bestudeer, is 'n vraag. 'n Ander vraag is in watter mate hierdie hersiene uitgawe van Totius se beryming wel 'n verbetering is. Want een van die besware teen die Totius-beryming is die "onsingbaarheid" van 'n aantal van sy (dikwels Geneefse) melodieë. En daaraan is niks verander nie.

Ook was die idee dat argaïese woorde wat die moderne Afrikaner glo nie meer verstaan nie, met moderner en meer verstaanbare woorde vervang moes word. Maar dit is nog nie duidelik in watter mate Buys daarin geslaag het nie. Ook is dit nie duidelik of dit wel nodig is; onverstaanbare woorde kan mos net deur voetnote verduidelik word?

Op die een of ander manier sal die sinode van 2003 egter ook oor die Buys-hersiening 'n uitspraak moet doen. Dit maak die keuses nog meer: Hou die Totius-beryming of vervang dit met die Buys-hersiening. Of vervang dit met die Cloete-beryming. Of laat die gebruik van die Cloete- en Totius-beryming oor aan die kerke (en die Buys-hersiening dan?).

Dat daar op die sinode skerp woorde gespreek en skerp kant gekies gaan word, is nou al duidelik. Mag dit egter skeiding bring? Dit is 'n onderwerp apart. Maar as hierdie kwessie in sy breër verband gesien word, naamlik dié van allerlei modernistiese stromings wat ook in die GKSA en in sy teologiese skool bestaan, dan word die saak baie ernstiger. Mag die Here deur sy Woord dan die belangrikste en laaste sê hê. ¤

Die Nuwe Liedboek:
Psalm 110 nie Messiaans, aldus TT Cloete

Ds. P Nel

PEILING

In die huidige besinning oor die gebruik en Skrifgetrouheid van die Nuwe Liedboek is dit die moeite werd om, soos die ou mense gesê het, "so uit die perd se bek" kennis te neem wat die omdigter van die Nuwe Liedboek, prof TT Cloete, self daaroor laat val. In die *Algemene Kerkbode* van 11/12/13 April 2002 reageer prof Cloete op aantygings van iemand teen sy bekwaamheid as omdigter. Hy laat egter meer rede tot kommer ná sy antwoord.

In reaksie op die bewering dat hy wat Cloete is, sy omdigting uit bestaande berymings gedoen het, sê Cloete dat hy:

> *"bereid is om ... aan te toon hoe Totius woordeliks, letterlik uit bestaande ou Nederlandse berymings in Afrikaans oorgeklank het, waarvoor hy geen kennis van die Hebreeus nodig gehad het nie".*

Waarom Cloete verwys na Totius se gebruik van bestaande liedere is heeltemal duidelik. Geen omdigter hoef deurgaans oorspronklik te wees nie. Indien bestaande formulerings bruikbaar is, en dit die boodskap helder oordra, mag dit sekerlik met verlof herbruik word. Ons wil immers nie 'n ander lied sing nie, maar die liedere van God in hulle mees dienende vorm. Waarom Totius se kennis van die Hebreeuse taal bygebring word in die begronding van hierdie standpunt is egter minder duidelik. Ons weet uit verskeie bronne dat Totius 'n kenner van die Hebreeus was. Dit is moontlik gerig teen besware dat 'n persoon, soos prof Cloete, wat geen kenner van Hebreeus is nie, nie 'n goeie psalm-omdigter kan wees nie.

Die grondtaal blyk egter 'n geringe turksvy teen die teologie van die omdigters. Op die kritiek dat Cloete se nuwe beryming: *"...* hoegenaamd nie die betekenis van die Bybelse Psalms weergee nie" en oor die onteiening van psalm 110 se Messiaanse karakter, reageer Cloete:

> *"Ps 110, wat soos Pretorius dit verstaan 'n Messiaanse psalm is, is onder meer volgens my teologiese adviseurs, volgens die Afrikaanse Nuwe Vertaling van die Bybel, volgens die Nederlandse "nieuwe berijming" en volgens Bonaventura Hinwood se omdigting in Afrikaans vir die Katolieke kerk, nie 'n Messiaanse psalm nie".*

Met die uitlating gaan Cloete verseker te ver, al is dit in die spoor van sy "teologiese adviseurs", "*wyle prof Riempies Prinsloo en prof Herrie van Rooy*". Ons Here Jesus vertaal self die psalm grammaties en teologies as 'n Messiaanse psalm, as duidend op Homself (Matt. 22:41-46; 26:64).

> *41 En toe die Fariseërs saamgekom het, vra Jesus hulle42 en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n.43 Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê:*
> *44 Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?*
> *45 As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?46 En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.*

Wie die Bybel se eie verklaring van 'n psalm laat oorheers deur die van 'n paar teoloë het verseker geen omdigting gedoen nie, maar 'n verdigting aangepak. Die Bybel met Verklarende Aantekening, verklaar daarom kontra Cloete:

> "*Dit is dan ook 'n uitgesproke Messiaanse psalm wat van die ander van sy soort hierin verskil dat dit die mees direk-Messiaanse psalm is, d.w.s. dat die historiese aanleiding heeltemal op die agtergrond raak en die Christus direk voor ons verskyn." (*1958: *p. 1275).* ¤

IS PROFESIE OOR CHRISTUS IN DIE OU TESTAMENT ALTYD *DIREK* MESSIAANS? (II)

Met besondere aandag vir Psalm 2.

Ds. Rob Visser

LEER VAN DIE SKRIF

In die vorige artikel het ons die eerste drie verse van Psalm 2 bespreek. Kom ons kyk nou na die res van die psalm.

Vers 4-6

Die HERE is die enigste God. Dit beteken dat Hy alles weet en hoor. Dit bly nie vir Hom verborge as magtiges 'n aksie teen sy koninkryk uitdink nie. Hy sien hoe mense baie tyd daaraan bestee om planne teen sy volk te maak. Mense dink dat hulle baie invloedryk en sterk is. Nogtans maak dit op die HERE geen indruk nie. Dit kan Hom nie bang maak nie. Ons lees in vers 4 die HERE se reaksie op die magsontplooiing van die volke, van duiwelse magte: "Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle."

Mense dink dat hulle magtig is. In werklikheid kan hulle egter niks doen wat teen God se plan is nie. Die gemeente in Jerusalem bely dit ook toe hulle van alle kante bedreig word. In hulle gebed noem hulle almal wat saamwerk om Christus se gemeente te vernietig, wat saamwerk teen die Gesalfde Jesus Christus, en dan bely hulle in Hand 4:28: "**om** alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind."

Die HERE lag vir die magtiges wat Hom en sy Gesalfde teenstaan. Ons sien dit ook as die Here Jesus gevange geneem word. Toe die soldate Hom gevange wil neem, wys Hy dat hulle dit net kan doen as Hy dit toelaat. Hy toon dat Hy die Gesalfde Koning is. Jesus vra vir die soldate wie hulle soek om gevange te neem. Hulle antwoord: Jesus die Nasarener. Jesus sê: Dit is Ek. En dan lees ons in Joh 18: "Toe Hy dan vir hulle sê: Dit is Ek, het hulle agteruitgegaan en op die grond geval." (vs 6) Die soldate, en in hulle die wat teen Christus planne maak, moet weet dat Hy die magtige Koning is en nie hulle nie. Die magte, die konings wat teen die HERE en sy Gesalfde saamspan, moet weet dat die HERE hulle "in sy toorn sal aanspreek". Hy sal hulle "in sy grimmigheid verskrik". Hoe doen die HERE dit?

As ons eers aan Dawid terugdink wat hierdie Psalm in sekere omstandighede geskryf het, is dit duidelik dat die HERE sy grimmigheid en toorn gewys het deur aan Dawid steeds weer die oorwinning te gee. Die teenstanders het groot

neerlae gely en moes erken dat die HERE en sy gesalfde koning onoorwinlik is. Die koning wat deur die HERE gesalf is om te regeer en ook oor Sion te regeer, sal en kan nie deur God se vyande oorwin word nie. Dan gaan dit natuurlik om die koning wat ook regtig as God se gesalfde in gehoorsaamheid aan die HERE regeer. Die liefde en gehoorsaamheid aan die HERE word ook duidelik in die manier waarop hy oor Sion regeer. Sion is die plek waar in Dawid se tyd die HERE se tent gestaan, en waar Salomo die tempel laat bou het. Die koning wat as gesalfde van die HERE leef, beskerm God se heiligdom, bevorder die aanbidding deur die volk op Sion en is self daarin 'n voorbeeld vir die volk. Die koning wat so vanuit die aanbidding en liefde vir die HERE leef en regeer mag sekerlik weet dat selfs die magtigste vyande sy koningskap en God se volk nie kan bedreig nie. Die koning is veilig omdat die HERE hom as die Almagtige beskerm. Dit is naamlik die HERE wat teenoor die volke en nasies wat optrek sê: "**Ek tog** het my koning gesalf oor Sion, my heilige berg."

Nou moet ons ook verder as Dawid en al die ander konings uit Dawid se huis, kyk. Christus wat **die Seun van Dawid** is, het gekom. Hy is die besondere Gesalfde van die HERE. Hy is **die** Messias. Hy het na die hemel opgevaar om daar aan God se regterhand oor die hele wêreld te regeer. Om op 'n besondere manier ook die Koning van die kerk te wees. Hy is die Verlosser en Koning van Sion, van God se kerk. Die HERE sê van Hom vir die hele wêreld: **Ek tog** het my Koning gesalf oor Sion. Daarom is die kerk onverwoesbaar. Dit gee moed in die wêreld van vandag. Dit is ook juis die rede dat die gemeente van Jerusalem in die situasie van bedreiging bid: "En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek." (Hand. 4:29) Die HERE laat sy gemeente voel dat Hy hulle gehoor het deur die huis waar hulle saam is te laat skud. Die gevolg daarvan is: "en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek." (vs 31)

Vers 7-9

Dan kom ons nou by vers 7. Dit is nie die Here wat in vers 7-12 praat nie, maar die Gesalfde koning. Kyk maar na die eerste deel van vers 7: "Ek wil vertel van die besluit: **Die**

HERE het aan My gesê: U is My Seun, vandag het Ek self U gegenereer." Die Gesalfde vertel nou wat die HERE vir Hom gesê het. Die koning vertel van die HERE se besluit. Die HERE sê in sy besluit dat hierdie koning sy seun is. Beteken dit nou dat ons hier dadelik aan Christus moet dink en dit geen enkele betrekking op Dawid gehad het nie? As ons dit sou doen, doen ons weer kort aan die HERE se eie Woord.

Dit is nie vreemd dat die HERE Dawid hier op 'n besondere manier sy seun noem nie. Dit wys op die besondere verhouding wat die HERE met Dawid het en met sy gelowige nakomelinge wat sal regeer. Die HERE verwys ook daarna as Dawid 'n tempel vir Hom wil bou. Dawid mag dit nie doen nie. Sy seun sal hom opvolg en moet die tempel bou. Die profeet Natan moet hierdie boodskap aan Dawid oorbring en dan moet hy ook van Dawid se opvolger sê: "Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders." (1 Sam 7:14)

In Psalm 89 lees ons die volgende oor Dawid: "En Ek sal Dawid se hand lê op die see en sy regterhand op die riviere. Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde." (Ps 89:26-28) Die HERE noem sy volk sy kinders, nogtans staan Dawid en ook sy opvolgers, as hulle in liefde en gehoorsaamheid aan die HERE regeer, in 'n spesiale verhouding met God. Die spesiale verhouding het op 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis begin. Hierop wys die woorde: "**vandag** het Ek self U gegenereer". Dit is nie Dawid wat homself koning gemaak het nie. Nee, die HERE het hom daarvoor bestem en het dit op 'n sekere oomblik in die geskiedenis vir die mense gewys. Hy het daarvoor gesorg dat Dawid op 'n sekere dag voor die oë van sy familie gesalf is, dat Dawid op 'n sekere oomblik voor die oë van die volk amptelik koning geword het. Die HERE het hom as koning verwek en aangestel. Dit is die HERE se werk. Dawid word God se gesalfde koningseun genoem. Dit is egter op 'n totaal ander manier as waarop die volke rondom hulle koning as godeseun gesien



en aanbid het. God se volk het Dawid nie vergoddelik nie en dus nie aanbid nie. Die volke rondom Israel het met hulle konings afgodediens gepleeg.

Tog is ons nog nie klaar met vers 7 nie. Ons sien in Dawid se lewe 'n gedeeltelike vervulling van hierdie woord, maar nog nie die volle een nie. Die volle vervulling van hierdie woorde lê in Christus. Ons sien dit baie goed raak as hierdie vers in die Nuwe Testament aangehaal word. Dit gebeur in Hand 13 en Hebr 5. Toe Paulus in die sinagoge van Antiochië preek, sê hy o.a.: "En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons , hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer." (Hand 13: 32,33) en: "Niemand neem die waardigheid (om hoëpriester te wees, RV) vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron. So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is My Seun, vandag het Ek U gegenereer." (Hebr 5:4,5)

Niemand is **op hierdie manier** die Seun van God as Jesus Christus nie. Dawid was nie die ewige en natuurlike Seun van God nie. By hom het dit op 'n besondere verhouding met die HERE gewys. By Christus gaan dit dieper en verder. Dawid profeteer hier in Psalm 2 oor Christus wat van ewigheid God se Seun is. Dit het die HERE op sekere oomblikke in die geskiedenis op 'n baie besondere manier vir die wêreld gewys. Dink maar aan Christus se opstanding uit die dood. Dit is die dag waarop die HERE op 'n besondere manier wys dat Jesus Christus sy Seun is. Die ewige gebore Seun van God word op dié dag met krag as die eniggebore Seun van God aangewys. Paulus wys daarop met die volgende woorde in Romeine 1 waar hy van die evangelie skryf: "wat God tevore beloof het deur sy profete in die Heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid **en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here"**. (Rom 1:2-4)

Hoe heerlik profeteer Dawid in hierdie Psalm al van sy groot Seun wat Dawid se Here en Verlosser is. Hoe ryk is hierdie profesie. Hy waarvan die Here sê dat dit sy seun is, kry die belofte van wêreldheerskappy: "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting."

As ons aan Dawid se lewe dink, sien ons dat hy deur die HERE op 'n besondere manier in sy koningskap geseën is. Hy was in die omgewing 'n magtige koning. Dawid se mag strek hom selfs buite die grense van Israel uit en meerdere volke is aan hom onderwerp. Dawid het 'n magtige koning geword. Tog is dit nie so dat hy oor die hele wêreld heers nie. Hier sien ons weer so'n element in Psalm 2 waar die volledige vervulling bo Dawid se lewe uitstyg. Dawid profeteer hier van Christus wat die wêreldheerskappy as loon vir sy werk as die Verlosser ontvang. Nadat die Here Jesus op aarde vir die gelowiges vergifnis verdien het en opgestaan het, sê Hy net voor sy hemelvaart: "Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde." (Matt. 28:19) Die Gees skryf deur Paulus van Christus: "En Hy het

alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee." (Ef. 1:22) "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." (Fil. 2:9-11)

Dit is Christus, God se Seun, wat die wêreldheerskappy ontvang het. Hy regeer die geskiedenis nou so dat eendag elke teenstand teen God en Hom van hierdie wêreld sal verdwyn. Hy regeer so dat mense dan uit elke volk en nasie saam die lof op God en die Lam sal sing en die aarde skoongemaak is van elke sonde en herinnering daaraan. Dit is die sekere oorwinning wat die Gees in Psalm 2 laat profeteer. Elkeen en elke mag en volk wat nou nog teen die HERE en sy Gesalfde opstaan sal verpletter en uitgeroei word. Van daardie mag wat in diens van die duiwel, van die sonde staan sal eendag niks meer oorbly nie.

Die wat vandag in diens van Koning Christus leef, die wat vandag steeds weer sy ore oophou om na die Verlosser en Koning te luister en vir Hom te leef, mag weet dat hy saam met Christus mag regeer. Ons lees dit in die brief wat Christus aan die gemeente van Thiatire laat skryf. Die wat tot aan die einde van sy lewe aan Christus en die evangelie vashou, kry in Openb. 2:26,27 hierdie belofte: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek van my Vader ontvang het." Ons kan hier sien dat elke mens wat in die geloof sterf, by die regering en oorwinning op God-vyandige magte ingeskakel word en 'n oorwinnaar is.

Gevolgtrekking

Die Messiaanse verstaan van die Ou Testament beteken nie dat alles altyd direk op Christus wys nie. Daar is gedeeltes wat direk en gedeeltes wat indirek op Christus wys. Indirek beteken dan dat die volle vervulling nog nie in 'n ander bereik is nie. Dit beteken vir 'n Psalmberyming dat dit die beste sal wees om by Psalm 2 'n hoofletter te gebruik. Dit is ons taak om die Nuwe Testamentiese gemeente die volheid van die betekenis van hierdie Psalm te laat sing. Die volheid is in Christus. ¤

VGKSA

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

ds C Kleijn	Fratesweg 775	Rietfontein	0084	Tel. (012) 331 0931
ds P Nel	Du Plooystraat 80	Bethal	2310	Tel. (017) 647-6693
ds PJ Retief	Eendracht 29	Heidelberg		Tel. (016) 342 2817
ds E Viljoen	Mauritiussingel 3	Stellenberg	7550	Tel. (021) 919-9149
ds JR Visser	Dunwoodielaan 1380	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2948

Sendelinge in diens van die kerke is:

ds DM Boersma	Walterlaan 1284	Waverley	0186	Tel. (012) 332 0730
ds J Bosman	Breyerlaan 1415	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2831
ds JA Breytenbach	Blackwoodstraat 12	Bellaire, Bellville	7530	Tel. (021) 919 4215
ds AJ de Visser	Dunwoodielaan 1201	Waverley	0186	Tel. (012) 332 1028
ds CF Nicholson	Patoustr 33	Amanda Glen	7530	Tel. (012) 975 4474

VRIENDSKAPSEVANGELISASIE

Ds. CF Nicholson

EVANGELISASIE

Ds. CF Nicholson

Inleiding

Die kerk is na sy wese missionêr. Daarom is die missionêre arbeid die roeping en taak van die kerk. Die primêre taak van die kerk is om die evangelie uit te dra. As deel van hierdie taak wil ons die aandag vra vir vriendskapsevangelisasie. Hierdie taak ressorteer onder die plaaslike kerkraad (KO Art. 26).

Die kerk se taak is om die evangelie uit te dra (ook genoem die verkondigingstaak). In hierdie taak is die hele gemeente medeverantwoordelik. Almal behoort op een of ander manier betrokke te wees. Tog is dit wel so dat almal nie op dieselfde wyse meewerk aan die evangelie verkondiging nie. In hierdie verband kan daar drie groepe onderskei word. Hierdie groepe word onderskei aan die hand van die verskillende werkwoordsvorme wat vir die verkondigingstaak gebruik word.

Amptelike taak

Die amptelike taak word toevertrou aan diegene wat predikers van beroep is. Hulle beklee die amp van bedienaar van die Woord (Kerkorde artikel 2). Dit is hulle wat preek (kérussoon) en die evangelie verkondig (*kérrussein to euangelion*). Soms word die woord *marturein* (om te getuig) ook van toepassing gemaak op hierdie groep.

Amptelike en nie-amptelike taak

Daar is ook 'n ander groep woorde wat die verkondiging of die uitdra van die evangelie behels. Hierdie woorde word gebruik vir diegene wat in amptelike diens staan, maar dit dui ook op gewone lidmate wat in die amp van gelowige staan. 'n Werkwoord wat in hierdie verband gebruik word is *kerdainein*: om ander (vir Christus) te wen. 'n Ander woord wat ook gebruik word is *sózein*; om te red. Paulus gebruik dit om sy amptelike werk in 1 Thess. 2:16 te beskryf. In Jak. 5:20 word die werkwoord gebruik om die lidmaat se werk te beskryf. Nog 'n woord is *euangelizesthai*, wat beteken om die evangelie te spreek of te verkondig. Paulus gebruik dit om sy eie werk in 1 Kor. 1:17 te beskryf. 'n Verdere voorbeeld van die werkwoord wat die verkondigingswerk beskryf vind ons in Rom. 10:15.

Nie-amptelike taak

Die nie-amptelike werk van die gewone lidmate word beskryf deur die verwysing in Hand. 8:4 (*euangelizomai*). Hier word dit gebruik vir die gewone lidmate wat verstrooi was en die evangelie uitgedra het. Die suiwere betekenis is dat hulle die land deurgegaan het en die Woord van die Here "ge-evangeliseer" het. Hierdie werk is die spontane vrywillige pogings van die gelowiges om ander van die evangelie te vertel.

Nog 'n verder onderskeid wat opmerklik is in die Nuwe Testament, is dat Paulus en Lukas die uitdrukking *logos tou theou* (die Woord van God) gebruik as hulle na die verkondiging van die Woord verwys. As hulle na die uitdra van die evangelie deur die gewone lidmate verwys, dan gebruik hulle die uitdrukking *logos tou kuriou,* die Woord van die Here (vgl. 1 Thess. 1:8, 2 Thess. 3:1). 'n Ander uitdrukking wat ons ook vind is waar die gelowiges die "woord spreek". Dit lees ons in Hand. 11:19. Hier word die werkwoord *laleó* (om te spreek) gebruik.

'n Laaste voorbeeld van spontane getuienis lewering vind ons in voorbeelde waar "vertelling" plaasvind. Hierop sal verder ingegaan word.

Vriendskapsevangelisasie: vertelling en uitnodiging

Die taak om die evangelie te verkondig is in breë hierbo uiteengesit. Die aandag word egter gevra vir die derde groep wat die nie-amptelike evangelieverkondiging behels. Alvorens die saak nou verder belig word, word die aandag eers gevra vir die gebeure in Joh. 1:35-52.

Johannes staan by twee van sy dissipels en toe hy vir Jesus sien, sê hy: Dáár is die Lam van God! Twee dissipels hoor wat hy sê en hulle volg vir Jesus. Hulle gaan kyk dan waar Jesus tuis was. Een van die manne wat vir Johannes gehoor het was Andréas. Hy gaan vertel vir sy broer Simon Petrus dat hulle die Messías gekry het; dit wil sê hulle het Christus gevind. In vers 43 staan daar "En hy het hom na Jesus gelei".

Die volgende dag wou Jesus na Galiléa vertrek; en Hy kry vir Filippus. Jesus sê vir hom: "Volg My". Filippus het op sy beurt weer vir Natánael gekry en vir hom gesê: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret" (vers 46).

In hierdie gedeelte vind die leser 'n proses van vertelling. Op die ry af vertel die een aan die ander van die ontmoeting met Jesus. In vers 47 bemerk die leser teëspoed wanneer Natánael Filippus se aanspraak betwyfel met die woorde: "Kan daar uit Násaret iets goeds wees? Filippus gaan dan nie daartoe oor om sy aanspraak te probeer verdedig nie. Hy rig 'n uitnodiging

tot Natánael: “Kom kyk”. Daarop sien Jesus vir Natánael en so vind die ontmoeting plaas. Op hierdie ontmoeting volg dan die belydenis van Natánael: “Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel”!

Die gebeure wat hierbo geskets is, vorm die basis van vriendskaps-evangelisasie. Hier vind ’n spontane proses van vertelling en uitnodiging plaas. Vriendskapsevangelisasie is gebaseer op ’n aantal eenvoudige beginsels wat beskryf kan word as “vanuit-beginsels”. Elke beginsel geskied vanuit ’n bepaalde benadering.

1 Vanuit ’n liefdevolle houding en benadering.

Vriendskapsevangelisasie is in wese persoonlike evangelisasie. As sodanig vra dit in die **eerste instansie** ’n liefdevolle houding en benadering. Dit vra van ‘n mens liefde vir God-drie-enig. God is ons Skepper en Hy is ons Vader in Jesus Christus. Christus is ons Verlosser en die Heilige Gees ons Trooster. Ons leer vir God ken vanuit sy Woord. Daarom moet daar liefde vir die Woord van God wees. Die Woord word bedien waar die heiliges vergader om vir God te dien. Hierdie vergadering van die heiliges is die kerk. ‘n Liefde vir die kerk waarvan Christus die Hoof is, is dus wesenlik van aard. Verder moet daar by die evangelisasiewerker ’n liefde vir mense (die naaste) wees, want die liefde van Christus dring ons.

2 Vanuit vertroue.

In die **tweede plek** moet hierdie liefde outentiek (opreg en eerlik) wees, aangesien dit gebaseer moet wees op vertroue. Daar moet dus gewerk word vanuit ’n vertrouens-basis. Waar evangelisasie plaas-vind moet die buitestander (hulle wat God nie ken nie of van Hom vervreemd geraak het) wat ge-evangeliseer word, kan sien dat daar ’n opregte belangstelling en motief aanwesig is. Die motief om te evangeliseer moet gebore wees vanuit die liefdesbeginsel. Vanuit die besef dat God my in Christus uitverkies het en so liefhet dat Hy sy Seun vir my gegee het, kweek dan ’n grondhouding van dankbaar-heid. Vanuit die liefde en die dank-baarheid benader die kind van God dan die buitestanders, aangesien eersgenoemde vir laasgenoemde ook gun wat hy in Christus het; naamlik die ewige lewe. Die ver-soening met God in Christus word dus bedien aan die buitestander (vgl. 2 Kor. 5:18,19). Daar word aan die buitestander vertel van wie Christus is en wat Hy vir die wêreld kom doen het. Daar word getuig aangaande Christus en daar word nie gepoog om te oortuig nie. Die Heilige Gees oortuig en die mens getuig (vgl. Filippus teenoor Natánael).

Daar word soms kritiek ingebring teen die begrip “vriendskapsevangelisasie” en daar word dan gekies vir die begrip relasie-evangelisasie. Die kritiek is gegrond op die liefde wat dan nie outentiek is nie en waar daar dan geen opregte vertroue is nie. Daar word gesê dat “vriendskaps-bande” aangegaan word met die doel om dan te wil evangeliseer. Dan bestaan daar nie outentieke relasies nie. Hierdie kritiek kan geldig wees en dan kan die evan-gelisasie werk skipbreuk lei. Daar-om is die tweede punt wat hierbo uiteengesit is so belangrik vir vriendskapsevangelisasie en daar word dan in hierdie skrywe nie die noodsaak gesien om onderskeid te tref tussen vriendskapsevangeli-sasie en relasie-evangelisasie nie.

3 Vanuit kennis.

Hierbo is daar melding gemaak van die gedagte dat daar aan die buitestander vertel word van wie Christus is. Daar word getuig aangaande Christus se dade en boodskappe. Om van Christus te kan getuig veronderstel kennis van hom. Dit bring die **derde punt** na vore; opleiding en toerusting. In ‘n hofsaak kan ’n getuie nie getuig aangaande ’n ander persoon of saak as hy/sy nie deeglike kennis aangaande die persoon of saak het nie. So is dit ook met die evangelie verkondiging. Heel aan die begin is dit duidelik gestel dat dit taak van die kerk is om die evangelie uit te dra en hierdie taak is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad (Kerkorde artikel 26). Om die evangelie doel-treffend te verkondig vra dus nie net ’n liefde vir God, die Woord, die kerk en die medemens nie; maar dit vra ook deeglike kennis van genoemde sake. Die kerk moet dus toesien dat deeglike opleiding en toerusting deur middel van Bybelstudie, kategese, kursusse en gesprekke geskied. Hierdie kennis dien dan as onderbou om met vrymoedigheid die bediening van die versoening uit te voer.

4 Vanuit die kerk.

Vierdens is vriendskapsevangeli-sasie nooit ‘n persoonlike saak of aangeleentheid van sekere individue nie. Dit geskied vanuit die kerk met die oog op die kerk. Daar word gewerk vanuit die liefde vir Christus as die Hoof van sy kerk (Ef. 1:22). Vanuit die kerk word daar dan na buite gewerk met die oog daarop om die kerk van Christus uit te brei (oog op die kerk). Evangelisasie is dus nie ’n menslike poging nie. Waar mense meen dat hulle ander na Christus kan lei of dat hulle ander tot Christus kan bekeer, verstaan die evangelie verkeerd. Dan word dit werksgeregtigheid. Dit is die eie ek wat dan na vore tree. Vriendskapsevangelisasie hou dus rekening met wat ons in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus bely. Dit is die Seun van God wat uit die hele menslike geslag vir Hom ’n gemeente ver-gader. Christus beskerm en onder-hou dan ook sy kerk. Hy het sy kinders uitverkies tot die ewige lewe. Die kind van God kan dus getuig maar Christus werk deur sy Gees en Woord om sy kinders in die eenheid van die ware geloof saam te voeg. So mag ek dan bely en glo dat ek van hierdie kerk van Christus ’n lewende lid is en ek kan vir ewig lid daarvan bly. ¤

AANDAG VIR SEKSUALITEIT IN DIE OPVOEDING

Nonka Byker

OPVOEDING

'n Belangrike onderwerp in opvoeding is vrae rondom seksualiteit. Dit is belangrik dat ouers hulle kinders help om seksualiteit as 'n pragtige gawe van God te sien. Kinders moet egter ook onderrig ontvang oor hoe hierdie gawe op die regte manier gebruik kan word.

Oor seksualiteit kan daar volgens die Woord van God drie dinge gesê word: In die eerste plek is seksualiteit **goed**, omdat die Here dit geskape het. Dit is dus nie ongeestelik om seks te geniet nie. Die boek Hooglied is vir ons 'n duidelike voorbeeld. Salomo en die Sulammitiese vrou is smoorverlief op mekaar en geniet mekaar ten volle - ook liggaamlik (Hooglied 4:1-7; 5:10-16; 7:1-13; ens.) Paulus sê selfs in 1 Kor. 7:3-6 dat jy mekaar binne die huwelik nie seks mag onthou nie.

In die tweede plek is seksualiteit **'n sterk krag** (1 Kor. 7:1-9). Huweliksmaats kan aanspraak maak op hulle seksualiteit. 'n Gesonde sekslewe bind huweliksmaats aan mekaar - 'n gebrek daaraan kan een van die huweliksmaats in die verleiding stel om owerspel te pleeg. Paulus sê in dieselfde teks dat die ongetroudes moet let op die sterk krag binne-in hulself (begeerte). As jy nie daartoe in staat is om selfbeheersing toe te pas nie, is dit beter dat jy trou, want nie almal kan alleen wees nie. Dit is beter om te trou as om van begeerte te brand (1 Kor 7:9).

In die derde plek is seksualiteit slegs natuurlik **binne die konteks van 'n huwelik**. Seksualiteit is nie deur God geskape sodat die mens daarmee kan omgaan soos hy/sy wil nie of om met enige persoon daarmee te eksperimenteer nie. Hooglied stel dit baie duidelik in 8:8-9: "Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet ons met ons suster maak dié dag as sy gevra word? As sy 'n muur is, sal ons 'n silwerrand daarop bou, en as sy 'n deur is, sal ons dit met 'n sederplank toeslaan."

Verhoudings

'n Belangrike vraag vir tieners is hoe om verhoudings te hanteer. 'n Verhouding is die tyd wat 'n mens gebruik om mekaar beter te leer ken en om op 'n verantwoordbare manier saam te besin of jy met mekaar wil trou. Nie elke verhouding eindig in 'n huwelik nie, want soms pas twee persone net nie bymekaar nie. 'n Verhouding kan gesien word as die bouplek waarop die fondament van 'n huwelik gebou word. 'n Aantal pilare is hier van belang:



Figuur 1



Figuur 2

L: liggaamlike aantrekking, seksuele begeertes; **E**: emosionele begrip; **G**: geestelike ontwikkeling, die paartjie se verhouding tot en geloof in God; **S**: sosiale ontwikkeling, die paartjie se verhouding met hul onderskeie en gemeenskaplike vriendekring en familie.

Die liggaamlike aantrekkingskrag in 'n verhouding ontwikkel dikwels vinnig. Die rede waarom jy juis in die verhouding staan is omdat jy tot die ander party aangetrokke voel. Figuur 1 beeld 'n gesonde verhouding uit. Elke party het sy/haar eie fondament. Deur middel van kommunikasie word daar as 't ware 'sement' tussen die twee partye gegooi en word een fondament gevorm waarop hulle hul 4 pilare kan bou. Die pilare dien dan as 'n goeie fondasie vir 'n gesonde huwelik. Figuur 2 beeld 'n ongesonde

verhouding uit. Ten eerste is daar geen goeie kommunikasie tussen hulle nie. Die sosiale, geestelike en emosionele aspekte geniet nie naastenby soveel aandag as die liggaamlike aspek nie. Daar is dus 'n gat in die verhouding se fondasie en as jy nie 'n goeie fondasie het nie, is die kans groot dat dit op die ou end in duie stort. Die vier pilare moet deurentyd ewe hoog gebou word, want sodra een van die pilare agterweë bly, word die fondasie en dus, per implikasie, die verhouding, swak.

Die Bybel: twee uiterste grense!
Die Bybel is nie 'n seksuele voorligtingsboek nie. Tog word daar baie spesifiek oor seksualiteit en verhoudings gepraat. Twee uiterste grense word duidelik gestel en kan en moet dien as riglyn vir enige verhouding.

1) Is die ander party 'n Christen?
Die doel van 'n verhouding is om na mekaar toe te groei, sodat jy jouself op die ou end onlosmaaklik aan die ander party kan verbind in die huwelik. Omdat dit vir God 'n gruwel is as 'n gelowige hom-/haarself onlosmaaklik aan 'n ongelowige verbind, gaan jy reeds te ver as jy 'n verhouding met 'n ongelowige begin (1 Kon. 11:1-7; Esra 9:1-2; 2 Kor. 6:14-15). 'n Verhouding is nie 'n evangelisasie-projek nie! Ja, dit is belangrik om binne die verhouding oor jou geloof te praat, maar dit kan gebeur dat die ongelowige party hom-/haarself op die ou end 'n gelowige noem om jou onthalwe en nie vanuit eie oortuiging nie.

2) Seksualiteit binne die huwelik
Die Bybel laat geen twyfel daaroor dat seksualiteit binne die huwelik suiwer en goed is en dat dit buite die huwelik sonde is nie. Om 'n seksuele verhouding te hê met 'n persoon met wie jy nie getroud is nie, is duidelik 'te ver' (Heb. 13:4; 1 Kor. 6:18).

Hoe ver mag ek dan wel gaan?
Uit die bogenoemde is dit duidelik wat as 'te ver' beskou word. Die groot vraag is hoe jy met God se grense en reëls omgaan, want ons moet God se grense baie ernstig opneem. Hy het ons geskape en Hy weet wat goed vir ons is.

1) Soek 'n veilige grens - nie 'n uiterste een nie!
Jy moet sorg dat jy binne die verhouding op so 'n manier met die ander party omgaan dat, sou die verhouding verbreek, julle beide steeds rein in 'n ander verhouding betrokke kan raak.

2) Vasgestelde grense
Dit is fundamenteel om reeds vroeg in die verhouding met mekaar af te spreek hoe ver jy wil gaan. As een van die partye dan verder as die afgesproke grens wil gaan, kan die ander party hom/haar daarop wys. "(Die liefde) handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie…" (1 Kor. 13:5). 'n Vasgestelde grens getuig van respek vir die ander party se gevoelens en dat jy daarna verlang om God eerste in die verhouding te stel. Omdat God ook deel is van 'n verhouding, is gebed van kardinale belang. 'n Vasgestelde grens is die enigste manier om te voorkom dat begeerte of angs (as ek dit nie doen nie, gaan ek hom/haar verloor) die dryfveer van die verhouding word.

3) As die grense oorskry word… gaan terug!
Indien 'n vasgestelde grens oorskry word, dan moet die grense weer duidelik gestel word - die keer waarskynlik strenger om te voorkom dat die grense weer oorskry sal word. Vasgestelde grense is daar om die betrokke partye te beskerm en om saam volgens God se wil te leef. Soms gebeur dit wel dat hierdie grense oorskry word en die partye 'n seksuele verhouding met mekaar het. Dit is dan belangrik dat hulle saam hul sonde voor God se aangesig sal bely en konkrete grense daarstel om te voorkom dat dit weer gebeur. Dit is nooit voor God se aangesig te laat nie - Hy sal nooit een van sy kinders verwerp omdat hulle gefaal het nie.

Die liefde is nie blind nie - verliefdheid wel! Ware liefde word nie deur hartstogtelike begeertes gelei nie, maar deur dit wat goed is vir die ander. Die liefde soek die goeie vir die ander. "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie…" (1 Thess. 4:3-5).

Naskrif: Hierdie artikel is deel van 'n reeks verslae van die kursus 'Kinderpastoraat' wat in Januarie in die VGK Pretoria gehou is. Die eerste verslag is in die Mei-uitgawe van Kompas geplaas. ¤